

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



- 4 April **Nico Spaumer**, Huis Eikelaan 113, ☎ 084 569 2106. C3
Anelle Venter, Meulstraat 4, ☎ 082 572 0149. Wyk B3
- 6 April **Fedde-Paul Bisschoff**, Plot 165. Wyk E3
- 8 April **Anja Bouwsema**, Peplerstraat 13, ☎ 076 548 3340. Wyk E1
Hendrien Venter, Huis Eikelaan TB 606, ☎ 083 440 1396. Wyk C1
- 9 April **Mandie de Klerk**, Tramontowoonstel 51, ☎ 082 709 8659. Wyk E3
- 10 April **Roy Bartlett**, D'Astrisstraat 3. Wyk E2
Lorraine Smit, Goetzstraat 7, ☎ 079 773 9579

VAN ONS DIAKONIE

Diakonie vergadering: Sondag 11 April 2021 na die aanddiens.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstras in u koswaentjie en bring dit saam kerk toe.
Baie dankie vir u ondersteuning.




Die spesiale kollektes in April 2021 gaan vir:

Sondag	4 April	Emeritaatsfonds
Sondag	11 April	Teologiese Studentekas
Sondag	18 April	Die Kerkblad
Sondag	25 April	GKSA Sustentasie

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u maandelikse kerkbydraes in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. **Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**. 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 37, nr 12 Sondag 4 April 2021

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

rudy@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk 072 224 7181
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulpprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe 079 872 2516 **Koster** Pieter Bouwsema 082 923 1384
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan: Ouderlinge van wyke **B5 en B6:** B5 Paul Schutte en B6 Flip Mostert.
Diakens: Wyke B5 en B6 is vakant.

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Ons wens u almal 'n Geseënde Paassondag tog

OGGEND: Teks: Handeling 13.

Sing: Psalm 46: 1, 3, 6; Psalm 9:1, 7; Skrifberyming 26:1, 11(Tema 9 - 1);
Psalm 44:1, 2; Psalm 138: 1, 2, 3.

AAND: Teks: Matteus 16; Openbaring 3.

Belydenis: Kategismus Sondag 31.

Sing: Psalm 24:1, 2; Psalm 15: 1, 2;
Skrifberyming 43: 1, 2 (Tema 15 - 7)

HUIS EIKELAAN Die erediens by Huis Eikelaan word gelei deur **ds Brahm Robinson** van GK Cachet om 15:30.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir die **Emeritaatsfonds** in die rooi sakkies.

Hierdie kollekte is bedoel om die emerituspredikante, -weduwees en wese(afhanklikes) van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

LIEF EN LEED



Naomi Fraser 082 442 7466 sterk steeds aan na haar operasie en bloedoortapping. Ons bede is dat haar kragte steeds sal toeneem.

Ons doen voorbedding vir **Japie van Jaarsveld** 072 521 9813 wat Dinsdag (6 April) weer 'n afspraak met die onkoloog moet nakom en verdere chemoterapiebehandeling moet ontvang.



Dankbaarheid



Faans en Ina Steyn 018 294 6958 vier hierdie naweek hulle 50ste huweliks-herdenking. Ons wens hulle geluk en bid hulle die Here se ryke seën toe. Ook aan hulle kinders geluk met hierdie heuglike dag.

Meegevoel

Tom en Jan Chambers se moeder is die afgelope Maandag oorlede. Sy was ook die skoonsuster van Nico en Leone Malan. Ons betuig ons innige meegevoel aan **Tom en Cornelia** 071 644 4423 se gesin en ook Jan en sy gesin en hulle vader in besonder, asook aan die hele familie. Mag ons hemelse Vader as die God van alle vertroosting, sy ryke troos aan hulle gee deur sy Woord en Gees.



Ds Jannes van Dyk

Ons sal D.V. van Vrydag na die erediens met verlof van die kerkraad uitstедig wees tot Maandagmiddag. Saterdag sal ek die begrafnis van Frik Slabbert op Ventersdorp waarneem en daarna sal ons by my ouers op Koster gaan kuier.

Vriendelike groete ds Jannes van Dyk

BYBELSTUDIES:

Dinsdagmiddag om 15:00 by Huis Eikelaan olv prof. Callie.

Dinsdagaand om 18:30 in die Jeuglokaal (Daniël 1).

Donderdagoggend om 09:30 in die konsistorie (Handelinge 2).

Donderdagaand 18:30, aanlyn.

Kontak prof. Paul Kruger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267.

Afkondiging – kommissie Christelike onderwys

Die Kommissie vir Christelike Onderwys van ons gemeente is besig met 'n projek om skoolboeke wat in ons plaaslike skole gebruik word, deur te werk. Die gedagte is om nie-Christelike inhoud op te spoor sodat dit aan ouers uitgewys kan word en leiding gegee kan word oor hoe om die nadelige invloed daarvan op ons verbondskinders teen te werk. Ouers en ander lidmate word uitgenooi om deel te hê aan hierdie projek en te help om die boeke deur te werk. Lidmate wat bereid is om te help, word versoek om asseblief met die voorsitter, ouderling Kobus Mentz te skakel 083 785 5053.

DAGBOEK

Katkisasie lesrooster

	Sondag 11 April 2021	Sondag 18 April 2021
Lesrooster:	Les 4	Les 5
Psalmvers:	Psalm 4:1	Psalm 8:1
Katkisasie toesig:	Ouderling Wyk B7: Graad 3 & 4 Ouderling Wyk C1: Graad 5 & 6	Ouderling Wyk C2 : Graad 7 Ouderling Wyk C3 : Graad 11
Woensdag 7 April	14:30 2021 Belydenisklas	Geen katkisasie a.g.v. toetsreks
Woensdag 7 April	15:30 Hoërskoolkatkisasie	Les 4 Openbaringsgeskiedenis en Dordtse Leerreëls
Donderdag 8 April	15:00 2020 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 33

AFKONDIGINGS

Kennisgewing van vergadering van kerkraad met diakens

Die kerkraad vergader saam met die diakens op Sondag 18 April ná die aanderediens. Alle sake vir die agenda moet Maandag 12 April skriftelik by die skriba ingedien word sodat daar behoorlik vir die vergadering voorberei kan word. Broers wat nie die vergadering kan bywoon nie, moet skriftelik met opgaaf van wettige redes by die skriba verskoning aanteken.

Diakonie vergadering: Sondag 11 April 2021 na die aanddiens.

Losmaking: Die kerkraad het Sondag besluit om die volgende broers eervol uit hulle diens los te maak:

- Uit die diens van ouderling: **Wynand Putter en Frans Coetzee.**

Die broers sal tydens die oggenddiens losmaking uit hulle onderskeie dienste ontvang.

Inleiding

Die Kerkblad is vanjaar 147 jaar oud, nadat dit die eerste keer op 1 April 1873 as “De Maandbode” verskyn het.

Deur al die jare, ook deur baie moeilike jare van depressie en oorloë, is dit deur die kerke gedra en kon dit 'n bydrae lewer om die Gereformeerde waarheid uit te dra. Die feit dat die blad deur die moeilikste tye kon voortgaan, getuig onteenseglik van die geloofsmoed van ons kerke en lesers en die oortuiging van die behoefte en noodsaaklikheid van 'n kerklike tydskrif soos Die Kerkblad. Stoflike en ander ander behoeftes het nooit voorkeur geniet ten koste van die geestelike behoeftes nie. Daarby het die kerke nooit hulle verantwoordelikheid ontduik vir die blad wat deur hulle tot stand gebring is nie.

Roeping en taak

In 'n redaksionele artikel in die uitgawe van Februarie 2014, word die roeping en taak van Die Kerkblad onder andere soos volg verwoord: “Midde in die vloedgolf van geestelike en godsdienstige media is daar 'n groter behoefte as ooit aan die uitdra van die gereformeerde godsdiens. En dit is 'n behoefte wat steeds groter sal word namate die tye meer onseker word. Daar is geen alternatief vir die gereformeerde godsdiens en teologie nie. Dit is die enigste godsdiens wat die gesag van die Bybel as God se Woord onverswak handhaaf, wat vashou aan die ‘gesonde leer’ (o.a Titus 2:1) van die Skrif soos in ons belydenisskrifte verwoord, wat blywende antwoorde bied op die diepste lewensvrae..., wat die gesag van God se Woord op elke terrein van die lewe proklameer.” Die Kerkblad wou nog altyd sy lesers toerus en opbou vanuit die Woord, “om staande te kan bly in die stormnagte van die lewe en die verwarrende tye; om hulle met die vaste kos te voed (Hebr.5:14) wat hulle in die geloof laat groei; om die geloofshorisonne te verbreed en die onderlinge bande tussen die kerke te verstewig” (DK, Feb. 2014)...”Uiteindelik moet ook in die werk van Die Kerkblad God in die middelpunt staan. Hy leef en Hy regeer as die enige ware God. Hy waak oor sy Woord. Hy bewaar sy kerk teen die woede van die hele wêreld. Hy lei alles, ook die wêreldgeskiedenis na die oomblik van die voleinding, wanneer Hy alles sal wees in almal. Aan Hom al die eer” (Ibid).

Bestaanskrisis

En nou, na 147 jaar, bevind Die Kerkblad hom in die grootste bestaanskrisis, en is die toekoms van ons blad in onsekerheid gedompel.

Die redaksie, saam met die Deputate vir die Kerklike Tydskrifte en lede van die Bestuur van die Administratiewe Buro het veral twee redes vir hierdie krisis geïdentifiseer. In die eerste plek het die bydraes van ons kerke drasties afgeneem, waarskynlik as gevolg van die ekonomiese situasie in ons land. Hiermee saam het die koronapandemie 'n belangrike rol gespeel deurdat kerke vir baie maande nie erediens kon hou, en kollekte vir die kerklike tydskrifte nie ingesamel kon word nie.

Tweedens neem die intekenare voortdurend af en moet 'n klein groepie intekenare die stygende koste dra. Wat 'n blad soos Die Kerkblad betref, is daar op die oomblik net meer as 1300 intekenare (skaars meer as drie intekenare per gemeente!).

Soos ons weet, raak die krisis ook ander kerklike blaaië, sekulêre tydskrifte en selfs koerante. Ons kan egter nie aanvaar dat daar by ons kerke en lidmate so min belangstelling en behoefte is aan ware Skrifgefundeerde geestelike leesstof nie. Die redaksie is nie bereid om aan die Sinode te rapporteer dat hierdie unieke gereformeerde stem in die kerkverband, maar ook in Suid-Afrika tot niet gaan nie, maar wil graag toesien dat Die Kerkblad sinvol voortbestaan en eerder uitbrei as verklein.

Konkrete nood

Wat Die Kerkblad alleen betref, beloop die tekort vir die afgelope 30 maande 'n bedrag van R160 000. Gevolglik is die fondse van Die Kerkblad geheel en al uitgeput. Alhoewel ons ten volle begrip het vir die finansiële situasie waarin baie gemeentes hulle bevind, is ons ook bewus van gemeentes en individuele lidmate wat werklik in die vermoë is om 'n bydrae te kan maak.

Die Deputate en die Redaksie probeer tans die krisis hanteer en afweer deur skrywes wat aan al ons kerke en lidmate gestuur is. Dit is ons bedede dat hierdie skrywes werklik ernstige en simpatieke aandag sal ontvang en konkrete uitkomst sal bring.

Noodkreet om hulp

Saam met die genoemde skrywes, dien ook hierdie artikel as 'n hulpkreet en dringende versoek om hulp. Daarby is dit 'n diep gevoelde pleidooi om voorbidding vir Die Kerkblad en ook ons ander tydskrifte.

Mag ons troue Verbondsgod, wat nooit die werk van sy hande laat vaar nie, ons gebede verhoor en in sy groot genade weë en middele voorsien sodat die waarheid van sy Woord steeds helder kan bly skyn, die gereformeerde stem steeds gehoor word en die eer van sy naam gedien word in ons kerke en in sy koninkryk. Aan Hom alleen, al die eer.

Inligting. Enige bydraes vir Die Kerkblad kan by lidmate se plaaslike gemeente inbetaal word, met 'n duidelike verwysing dat dit vir Die Kerkblad bestem is.

As alternatief kan bydraes ook direk in die volgende rekening van die Administratiewe Buro inbetaal word:

ABSA Bank. Rekening nr 670140 040. Tak: 632 – 005

Verwysing by hierdie inbetaling: 0529/003

Geagte broers en susters

Ons is dankbaar vir die aankondiging van die president dat daar nou 250 lidmate per erediens gedurende die Paasnaweek in die kerkgebou teenwoordig mag wees.

Dit is egter steeds 'n wetsvereiste dat register gehou moet word van almal teenwoordig, dat liggaamstemperatuur gemeet moet word en dat 'n masker gedra moet word wat die neus en mond bedek vir die volle duur van die diens.

Dus is dit steeds nodig, om samedromming te voorkom, dat u bespreek deur die vorm wat op Whatsapp versprei is te voltooi. U temperatuur sal dan by die kerk geneem word en u sal afgemerkt word op die vooropgestelde lys.

Indien u om goeie redes nie bespreek het nie en nogtans die erediens wil bywoon, sal u die nodige inligting voor die erediens by die kerk moet invul.